Sondag 15 Januarie

# Kouland 2:

## Episode 1: Suikerboontjies

**Kerngedagte :** Wanneer ons in 'n ongemaklike situasie is, wil ons maklik vir onsself laat glo dat dit beter is om in te pas by die wêreld se dinge.

**Doelwit :** Kinders gaan 'n refleksie aktiwiteit doen om te dink oor die rede waarom ons eerder ons foute wil wegsteek, in plaas om daaroor met die Here te praat.



**Sleutelteks:** 2 Petrus 3:16, 1 Korintiërs 3:18

**Bybelverhaal:** Ongemaklike Aaron glo sy eie leuen (Eksodus 32:1-35)

'n Mens moet baie kreatief wees om verskillende soorte lekkergoed te kan uitdink. Een van die mees interessante van lekkergoed soorte is sekerlik die suikerboontjie. 'n Suikersoet lekkergoed in die vorm van 'n gesonde boontjie. Dit sal gevaarlik wees om sommer net aan te neem en jouself te troos dat die suikerboontjie net so gesond soos 'n regte boontjie is. Sekerlik sal 'n mens daardie les op die harde manier leer as jy baie ernstige suikersnuffels kry van te veel suikerbone. Nou wat op dees aarde het 'n suikerboontjie lekkergoed uit te waai met ons verhouding met die Here?

In hierdie wêreld word daar vir ons vertel dat onskuldige leuentjies in wit jassies nie so erg is nie. Ons word vertel dat sonde maar net deel van hierdie lewe is. Dit is eers wanneer die leuen vertel is, of die sonde gedoen is, wat die ongemaklike gevoel neersak op jou. Niemand het jou vertel daarvan nie. Die gevoel is aaklig. Dit is nie lekker om met 'n swaar hart te loop nie. Die wêreld gee weer 'n maklike uitweg. Hierdie keer is dit net 'n nuwe leuentjie wat jy vir jouself moet vertel. Soos wat die ongemaklikheid opstoot in ons harte, pleister ons dit netjies toe onder wit en onskuldige leuens en trosies. Om jouself te glo dat die sonde wat jy gedoen het nie so erg is nie, is sekerlik een van die gevaarlikste dinge wat ons kan doen. Ons laat onsself glo dat ons in ons eie krag die ongemaklike gevoel wat sonde in ons lewe agterlaat kan wegdink en wegneem.

Aaron moes hierdie les op die harde manier geleer het. Hy het so ongemaklik begin voel oor die Israeliete by hom wou weet waarom Moses nie terugkom nie. Later het hulle tot by hom begin kla dat God van hulle vergeet het. Aaron kon later nie meer die vrae en die ongemaklikheid hanteer nie. Hy het ingegee. Hy het die Israeliete beveel om al hulle goud te bring en Aaron het vir hulle 'n goue kalf gemaak soos wat hulle wou gehad het. Dit is eers toe hy besef het dat die mense hierdie goue kalf aanbid, dat hy aan 'n nuwe plan moes dink om nie daaroor skuldig te voel nie. In plaas van om sy skuld te erken in die groot gemors, het Aaron weer aan die bou geraak. Hierdie keer, bou hy 'n tempel reg voor die groot goue kalf en sê vir die mense dat hulle 'n groot fees gaan hou om vir

God dankie te sê. Terwyl die Israeliete steeds die kalf agter die tempel aanbid, troos Aaron homself dat hy ‘n goeie werk gedoen het.

Alhoewel dit maklik is om van die kantlyn af Aaron se foute uit te wys, is ons almal skuldig daaraan om onsself te troos dat ons sonde en ons foute nie so ernstige saak is soos wat dit behoort te wees nie. Deur vir onsself te troos met aannames en verskonings oor ons foute, neem nie ons foute weg nie. Al wat gebeur is dat ons onsself probeer losmaak van ons foute, terwyl Jesus met Sy lewe betaal het om dit te kan doen.

Jesus vra nie van ons om ‘n tempel voor ons kalf te bou nie. Nee, Hy vra vir ons om vir Hom te vertrou met ons grootste sonde en slegste gevoelens. Hy wil elkeen wat in vertroue na Hom toe kom genees van dit wat skuldgevoelens in ons lewens bring.

Mag jy volgende keer wat jy ’n suikerboontjie eet hierdie kosbare les onthou. Ons kan nie net aanneem en vir onsself laat glo dat suikerboontjies so gesond is soos regte boontjies nie. Netso, kan ons nie net aanneem of onsself laat glo dat die sonde wat ons gedoen het nie so erg is nie. Jesus vra vir ons om Hom daarmee te vertrou, in plaas van om op ons eie krag staat te maak.

# 1. Ontmoet & Groet

## 'n Hartlike hallo aan julle dierbare Koubouters!

My naam is (naam) en welkom by Kouland! Dit is die naam van my eie lekkergoedfabriek. Ek wil tog by julle hoor, sien julle kans om saam met my op 'n groot avontuur te gaan? Ek wil graag 'n nuwe soort lekkergoed uitdink. Sal julle my tog help? (laat kleuters toe om te antwoord)

Wonderlik, maar voor ons dit doen, is ek nou eers bietjie nuuskierig. Wie van julle het so bietjie vakansie gehou die laaste rukkie? (laat kleuters toe om te antwoord) Man, ek wou sê dit was so bietjie stil hier by die kerk. Kom ons hoor bietjie wat het julle alles gemaak...

### Koubouter strek:

1. Waai jou arms heen en weer soos 'n golfie as jy by die see was
2. Maak 'n ster sprong as jy by familie en maats gekuier het
3. Swem bietjiie borsslag as jy lekker geswem het die vakansie
4. Raak jou tone en dan die dak as jy so in die vakansietyd bietjie laat geslaap het...en laat opgestaan het.
5. Spring wil op een been as jy by die wildtuin was
6. Draai in die rondte as jy bly is om weer terug te wees by die Kleuterkerk
7. Sit PLAT!

Nee wat, ek sien julle het nog sommer baie energie en julle is baie wakker. Ai maar ek het julle gemis hoor. Laat ek nou eers bietjie hoor. Wie van julle kuier vandag vir die eerste keer by ons? Baie welkom, ons is so bly jy het kom kuier.

Maats, jy gaan vandag 'n baie spesiale boek kry. Ons noem dit ons Bouboeke (wys 'n Bouboek). Nou, hierdie boek help ons om ons koppe en hartjies lekker sterk te bou met dit wat die Bybel vir ons leer. Op hierdie manier kan ons Koninkrykbouers wees wat Jesus se liefde. Jy moet asb. elke week jou Bouboek saambring, want ons gaan al ons kunsies in hierdie boek bêre. EN weet julle wat nog? Agterop elke kunsie is daar 'n spesiale briefie vir mamma en pappa. Hulle kan dan saam met ons leer en dan kan hulle hartjies en koppe ook sterk word met dit wat in die Bybel staan. Klink dit soos 'n plan? So onthou asb. om elke keer jou boekie saam te bring as jy kom kuier hoor?

Man, ek wil nou eers bietjie dans, wie van julle wil saam met my dans? Wonderlik, kom ons maak daai litte behoorlik los!

### Speel die musiek video en dans saam met die kleuters.

# 2. Grootgroep Aanbieding

Man julle is net fantasties. Sulke wakker Koubouters wat my nou gaan help om aan 'n nuwe soort lekkergoed te dink. Gepraat van lekkergoed. Weet julle, ek is so trots op myself. Ek het besluit dat ek van nou af baie meer gesond gaan eet. As mens elke dag in 'n lekkergoedfabriek werk is dit so maklik om liewer net elke dag lekkergoed te eet. Ek het al baie sommer net ''n groot stuk sjokolade vir ontbyt geëet, maar dit is nie gesond vir my nie. Nee wat, hierdie jaar gaan ek dit anders doen. EK het vir my lekker gesonde kossies ingepak, so ek is nou klaar met ongesond eet. Wil julle sien wat het ek vir my ingepak?

Haal kosblik uit. Wys vir die kleuters die volgende items:

- Ek het 'n lekker gesonde toebroodjie ingepak – broodjies maak my sterk
- En 'n Appel natuurlik – appels gee vir my breinkrag
- En 'n bottel water – dit hou my gesond dat ek so besig kan bly
- EN DAN SO BIETJIE GROENTE. (Haal bakkie uit en skud hom, daar is suikerboontjies in)

Maats ek is so bly ek het besluit om te begin groente eet. Ek het net agter gekom hoe belangrik groente is om mens se lyf lekker sterk en gesond te hou. Daarom het ek my gunsteling soort groente ingepak, wil julle sien wat het ek ingepak? Wie wil raai watter soort groente is dit hierdie? (skud die bakkie)

Man, dit is suikerboontjies (maak bakkie oop en wys vir kleuters). Vat een en eet hom. HMMMMM heerlik en gesond! Man ek is so bly ek het besluit om te begin groente eet ek eet al die hele dag nog net my groente... (eet nog een)

***Indien kleuters nie reageer nie, moet 'n kleingroep leiernet inval deur te sê dat suikerboontjies nie regte groente is nie.***

Nee man, julle. Dit is mos dan 'n suiker**BOONTJIE** of jelly **BEAN** natuurlik is dit 'n soort groente....

***Indien kleuters nie reageer nie, moet 'n kleingroep leiernet inval deur te sê dat suikerboontjies net in die vorm van ''n boontjie is, maar nie so gesond is soos 'n regte boontjie nie.***

Gonnas is julle nou ernstig......wel...ek moet sê, my maag kramp nog heel oggend van al die suikerboontjies, maar ek het net gedink dit is hoe mens voel as mens begin gesond word van al die groente eet.

Al nou voel ek soos 'n pampoenkoekie. Ek voel nou eintlik sommer skuldig dat ek myself so laat glo het dat ek besig was met die regte ding. Ek dink ek het

geweet dat suikerboontjies nie regte groente is nie, maar ek het gekies om nie die waarheid raak te sien nie, want dit sou my ongemaklik laat voel het. Ek het eintlik nou net 'n leuen uitgedink omdat ek nie die regte ding wou doen nie. Wie kan vir my sê wat is ''n leuen?

Al julle is darem slim. 'n Leuen is wanneer die waarheid gedraai word om beter te voel. Partykeer glo ons dat dit wat ons dink en doen reg is net omdat ons nie eintlik aan die waarheid wil dink nie. Jy troos jouself dat jy die regte ding doen, maar in jou hart weet jy dit is nie eintlik reg nie.

Haai, ek dink nou aan iemand in die Bybel, hy het ook liewer aan 'n leuen gedink toe hy 'n fout gemaak het. Ek wil julle graag sy storie vertel, maar Sjoe, ek dink ons het onsself nou eers weer teen die dak vas gedink....

## Koubouter strek:

*Kom ons gaan haal ons wakker koppies daar heel bo teen die dak (Haal lekker diep asem as jy die dak raak) en ons bring hulle bietjie af na onder toe om te kom rus (asem uit soos wat jy jou tone raak) – herhaal proses tot jy sien kleuters is weer rustig en gereed om verder te luister.*

## Bybelverhaal:

*(haal feltbord uit met karakter. Sit karakters teen felt bord soos wat jy die verhaal vertel)*

Daar was 'n man met die naam Aaron. Wie kan onthou wat is sy boetie se naam? (laat kleuters toe om te reageer) Ja, julle is reg. Aaron was Moses se boetie. Hy het vir Moses gehelp om vir God se mense te sorg.

Nou, God het vir Moses gestuur om na 'n berg toe te gaan en Aaron het gebly om na die mense te kyk. Moses bly toe baie baie lank weg. Die mense het begin bekommer raak. *"Waar is Moses? Wanneer kom hy terug?"*, wou hulle by Aaron weet.

Eers het Aaron maklik geantwoord. "*Ek weet nie wanneer hy terugkom nie, maar hy sal terugkom*". Maatjies, toe bly Moses nog langer en langer weg en toe begin die mense nog meer bekommerd raak. "*Jy het gesê Moses gaan terugkom, wanneer kom hy terug.*" brom die mense al hoe harder. Arme Aaron word toe al hoe meer ongemaklik, want hy het self nie geweet wanneer Moses gaan terugkom nie. "*Hy sal seker een van die dae hier wees*", probeer Aaron hulle troos. "*Julle het ons woestyn toe gebring en nou het God en Moses ons gelos om hier dood te gaan*" het die mense begin uitskree.

Gonnas, nou moes Aaron planne maak. Hy wou nie meer luister na die mense se gebrom en gekla nie. "*Wat wil julle dan hê moet ek vir julle doen*"

Weet julle wat maats? Die mense het vir Aaron gevra om vir hulle 'n goue kalf te maak. Aaron was al so moedeloos, dat hy dit gedoen het. Maatjies,

dit was ‘n GROOT fout wat Aaron gemaak het. Wat dink julle het die mense met die goue kalf gemaak? (laat kleuters toe om te antwoord) Ja, hulle het begin bid vir hierdie kalf. Hulle het voor hom gebuig en gesê dat hierdie kalf nou hulle God is.

Aaron wou nie raaksien dat hy ‘’n groot fout gemaak het nie. Weet julle wat het Aaron toegemaak? Hy maak toe nog iets. Hierdie keer maak hy ‘’n leuen vir sy fout. Hy het gekies om dit nie raak te sien nie. Hy nou toe ‘n altaar vir God en sit hom reg voor hierdie goue kalf. Soos wat die mense eintlik besig is om te buig voor die kalf, sê hy vir homself dat hulle besig was om vir God te bid.

Maats, het die goue kalf weg gegaan toe Aaron die altaar vir God voor hom gebou het? Het die mense opgehou om vir die goue kalf te bid? Sjoe nee, wag, nou is my kop weer teen die dak vas gedink, kom ons gaan haal net gou weer ons koppe daar bo teen die dak af.

### Kouboutler strek:

*Kom ons gaan haal ons wakker koppies daar heel bo teen die dak (Haal lekker diep asem as jy die dak raak) en ons bring hulle bietjie af na onder toe om te kom rus (asem uit soos wat jy jou tone raak) – herhaal proses tot jy sien kleuters is weer rustig en gereed om verder te luister.*

Weet julle wat maats. Partykeer maak ons ook soos Aaron. Ons wil nie raaksien dat ons ‘n fout gemaak het nie. Ons wil nie agterkom dat ons lelik met ‘n maatjie was, of nie wou deel nie. Ons wil nie raaksien dat ons ongehoorsaam was vir mamma of pappa nie. Ons dink leuens vir onnself oor hoekom dit reg was dat ons so gemaak het, maar eintlik weet ons dit is nie reg nie.

Al probeer ons ons foute wegsteek vir onsself sodat ons nie daaroor hoef te dink nie, sien Jesus dit nogsteeds raak en weet julle wat?
Jesus is vir jou so lief. Hy wil so graag hê dat jy eerder jou hart wil skoonmaak as wat jy jou foute probeer wegsteek. Hy sien dit raak en Hy is nogsteeds lief vir jou. Haai, ek dink nou aan ietsie wat ons vir onsself kan sê as ons ‘’n fout gemaak het. Spring gou op dan sê julle saam met my:

**Ek sien my eie foute raak,** *(plaas wysvingers langs oë)*
**en gaan nie leuens glo en maak.** *(swaai wysvingers heen en weer)*
**Ek weet Jesus is aan my kant** *(swaai arms een vir een uit soos kruis)*
**Ek sit my foute in Sy Hand** *(plaas albei hande op hart)*

Partykeer maak ons ook soos Aaron. Ons kies om nie raak te sien as ons ’n fout maak nie, want dit laat ons ongemaklik voel. Dan dink ons ‘n leuen uit en probeer die fout wat ons maak weg te steek, sodat ons

nie hoef te dink aan dit wat ons verkeerd gedoen het nie. Wat kan ons vir onsself sê as ons aan leuens wil dink oor ons foute:

**Ek sien my eie foute raak,** *(plaas wysvingers langs oë)*
**en gaan nie leuens glo en maak.** *(swaai wysvingers heen en weer)*
**Ek weet Jesus is aan my kant** *(swaai arms een vir een uit soos kruis)*
**Ek sit my foute in Sy Hand** *(plaas albei hande op hart)*

Maatjies, al manier hoe ons ons foute kan wegkry is om dit vir Jesus te gee. Hy wil jou so graag help om dit wat jou so ongemaklik laat voel uit jou hart te kry. Dit is nie maklik om te dink aan ons foute en dit reg te maak nie, maar Jesus wil jou so graag help. Moenie jou foute vir Hom probeer wegsteek nie. Laat Jesus jou help om te gaan jammer sê waar jy foute gemaak het. Hy wil jou so graag help.

Gonnas, wie sou nou kon dink dat my foutjie wat ek gemaak het om te dink dat suikerboontjies so gesond soos gewone boontjies is ons nou so groot les laat leer het. Die volgende keer wat iemand vir jou van hierdie suikerboontjies koop, moet jy ook vir hulle ons belangrike les leer. Eintlik het ek geweet dat suikerboontjies nie regte groente is nie, maar ek het gekies om nie die waarheid raak te sien nie, want dit sou my ongemaklik laat voel het. Ek het eintlik nou net leuens uitgedink omdat ek nie die regte ding wou doen nie. Wie kan vir my sê wat is 'n leuen?

Al julle is darem slim. 'n Leuen is wanneer die waarheid gedraai word om beter te voel. Partykeer glo ons dat dit wat ons dink en doen reg is net omdat ons nie eintlik aan die waarheid wil dink nie. Jy troos jouself dat jy die regte ding doen, maar in jou hart weet jy dit is nie eintlik reg nie.

Sjoe, ons het nou nooit by lekkergoed idees uitgekom nie. Julle moet maar volgende week weer kom dan probeer ons weer aan nuwe idees dink. Kom ons gaan maak nou ''n kunsie om hierdie belangrike les te onthou.

# 3. Kleingroep aanbieding

*Sê die volgende in jou eie woorde:* Welkom in ons kleingroepie maats. My naam is (naam). Maats, jy gaan vandag 'n baie spesiale boek kry. Ons noem dit ons Bouboeke (wys 'n Bouboek). Nou, hierdie boek help ons om ons koppe en hartjies lekker sterk te bou met dit wat die Bybel vir ons leer. Op hierdie manier kan ons Koninkrykbouers wees wat Jesus se liefde. Jy moet asb. elke week jou Bouboek saambring, want ons gaan al ons kunsies in hierdie boek bêre. EN weet julle wat nog? Agter op elke kunsie is daar 'n spesiale briefie vir mamma en pappa. Hulle kan dan saam met ons leer en dan kan hulle hartjies en koppe ook sterk word met dit wat in die Bybel staan. Klink dit soos 'n plan? Onthou om jou boekie saam te bring volgende keer.

## Ysbreker: Ken mekaar

Kom ons speel eers ''n speletjie om mekaar beter te leer ken. Ek gaan vir elkeen ''n suikerboontjie gee. As dit jou beurt is, moet jy probeer om die suikerboontjie in die lug op te gooi en met jou mond te vang. Dan moet jy vir ons jou mooi naam sê dat ons volgende keer onthou as ons jou sien wat jou naam is. Daarna kan jy jou lekkertjie eet en dan gaan ons ''n kunsie maak.

## Kunswerk: Aaron se Fout

Ons het vandag ook geleer hoe Aaron sy fout wat hy gemaak het probeer wegsteek het. Die verhaal staan in Eksodus 32:1-35. Aaron het agtergekom dat die mense begin bid het vir die goue kalf wat hy vir hulle gemaak het. In plaas om van met God te praat oor dit wat hy gedoen het, het hy net 'n tempel vir God voor die kalf gaan bou. Hy het homself getroos dat die mense vir God aanbid en nie besig is om die kalf te aanbid nie.

Partykeer maak ons ook soos Aaron. Ons kies om nie raak te sien as ons 'n fout maak nie, want dit laat ons ongemaklik voel. Dan dink ons 'n leuen uit en probeer die fout wat ons maak weg te steek, sodat ons nie hoef te dink aan dit wat ons verkeerd gedoen het nie. Jesus wil so graag hê dat ons vir Hom moet vertel van ons foute. Hy wil ons help om die regte ding te doen. Wat kan ons vir onsself sê as ons aan leuens wil dink vir ons foute:


**Ek sien my eie foute raak,** *(plaas wysvingers langs oë)*
**en gaan nie leuens glo en maak.** *(swaai wysvingers heen en weer)*
**Ek weet Jesus is aan my kant** *(swaai arms een vir een uit soos kruis)*
**Ek sit my foute in Sy Hand** *(plaas albei hande op hart)*


### Intruksies:

1. Deel vir elke kleuter 'n aktiwiteitsvel uit
2. Laat kleuters die aktiwiteitsvel inkleur en met die goue blinkers versier
3. Help die kleuters om die aktiwiteit in hul Bouboeke te liasseer.

Dankie dat jy vandag se les spesiaal gemaak het!

# Kouland Episode 1: Aaron se Suikerboontjie oomblik





Ongemaklik het Aaron die sweet afgevee,
Hy kon net nie vir die mense 'n antwoord gee.
Arme Aaron gee toe net daar en dan in
en dit is net hier waar sy moeilikheid begin.
Hy maak 'n goue kalf van al die goue ringe,
sonder om te ding oor hierdie verkeerde dinge.
Voor sy goue kalf begin mense buig en bid,
Aaron kies toe maar om 'n altaar vir die Here,
reg voor die kalf te sit.
Hy troos sy hart dat hy geen fout of sonde maak,
maar eintlik begin sy fout nou ook ander mense raak.

## Eksodus 32:1-35



**Ek sien my eie foute raak,**
*(plaas wysvingers langs oë)*
**en gaan nie leuens glo en maak.**
*(swaai wysvingers heen en weer)*
**Ek weet Jesus is aan my kant**
*(swaai arms een vir een uit soos kruis)*
**Ek sit my foute in Sy Hand**
*(plaas albei hande op hart)*

Wanneer iemand sy sondes wegsteek, dan sal dit nie goed gaan met hom nie, maar wanneer hy sy sondes bely en ophou om sonde te doen, dan sal die Here weer goed wees vir hom - Spreuke 28:13

# Kouland 2 : familie Studie

## Dierbare Koubouters Skatte!

Mense is sommer lekker laf as hulle glo dat suikerboontjie net so gesond soos regte boontjies is. Dit is nou 'n snaakse voorbeeld, maar partykeer gebruik ons leuens en trosies wanneer ons sonde doen, omdat die waarheid ons ongemaklik laat voel. 'n Leuen is wanneer die waarheid gedraai word om beter te voel. Partykeer glo ons dat dit wat ons dink en doen reg is net omdat ons nie eintlik aan die waarheid wil dink nie. Jy troos jouself dat jy die regte ding doen, maar in jou hart weet jy dit is nie eintlik reg nie.

Kom ons dink saam oor die volgende:

### Koubouter Koukis:

1. Wie van julle het al iets gedoen wat jy weet nie reg was om te doen nie?
2. Hoe het jy daarna gevoel?
3. Waarom wil ons so graag dit wat ons verkeerd gedoen het wegsteek?

Ons het vandag ook geleer hoe Aaron sy fout wat hy gemaak het probeer wegsteek het. Die verhaal staan in Eksodus 31:1-35. Aaron het agtergekom dat die mense begin bid het vir die goue kalf wat hy vir hulle gemaak het. In plaas om van met God te praat oor dit wat hy gedoen het, het hy net 'n tempel vir God voor die kalf gaan bou. Hy het homself getroos dat die mense vir God aanbid en nie besig is om die kalf te aanbid nie.

4. Wat het Aaron gemaak toe die mense by hom begin kla het?
5. Waarom was dit nie die regte ding om te doen nie?
6. Wat het Aaron gedoen toe hy agterkom dat die mense besig is om te bid vir kalf wat hy vir hulle gemaak het?
7. Hoekom het dit nie die fout wat Aaron gemaak het beter gemaak nie?

Partykeer maak ons ook soos Aaron. Ons kies om nie raak te sien as ons 'n fout maak nie, want dit laat ons ongemaklik voel. Dan dink ons 'n verskoning uit en probeer die fout wat ons maak weg te steek, sodat ons nie hoef te dink aan dit wat ons verkeerd gedoen het nie. Jesus wil so graag hê dat ons vir Hom moet vertel van ons foute. Hy wil ons help om die regte ding te doen. Wat kan ons vir onsself sê as ons aan verskonings wil dink vir ons foute:

**Ek sien my eie foute raak,** *(plaas wysvingers langs oë)*
**en gaan nie verskonings dink en maak.** *(swaai wysvingers heen en weer)*
**Ek weet Jesus is aan my kant** *(swaai arms een vir een uit soos kruis)*
**Ek sit my foute in Sy Hand** *(plaas albei hande op hart)*



Dankie, vir julle saamleer vandag. Fluit-fluit ons kuier is uit, gaan versprei nou hierdie geloofsles vêr en wyd!

Skryf iemand se naam neer met wie jy hierdie boodskap gaan deel: ..........................................................................

'n Suikerboontjie is nie 'n gesonde boontjie nie:

Wees versigtig om jou sonde met 'n leuen weg te steek, op die einde sal jy net jouself in die saak verneuk.
Jesus nooi jou uit om jou sonde by Hom te bely,
Om vergifnis en ware vrede in ruil daarvoor te kry.
Gaan lees die raad wat Spreuke 28:13 gee

'n Suikerboontjie is nie 'n gesonde boontjie nie:

Wees versigtig om jou sonde met 'n leuen weg te steek, op die einde sal jy net jouself in die saak verneuk.
Jesus nooi jou uit om jou sonde by Hom te bely,
Om vergifnis en ware vrede in ruil daarvoor te kry.
Gaan lees die raad wat Spreuke 28:13 gee

'n Suikerboontjie is nie 'n gesonde boontjie nie:

Wees versigtig om jou sonde met 'n leuen weg te steek, op die einde sal jy net jouself in die saak verneuk.
Jesus nooi jou uit om jou sonde by Hom te bely,
Om vergifnis en ware vrede in ruil daarvoor te kry.
Gaan lees die raad wat Spreuke 28:13 gee

'n Suikerboontjie is nie 'n gesonde boontjie nie:

Wees versigtig om jou sonde met 'n leuen weg te steek, op die einde sal jy net jouself in die saak verneuk.
Jesus nooi jou uit om jou sonde by Hom te bely,
Om vergifnis en ware vrede in ruil daarvoor te kry.
Gaan lees die raad wat Spreuke 28:13 gee

'n Suikerboontjie is nie 'n gesonde boontjie nie:

Wees versigtig om jou sonde met 'n leuen weg te steek, op die einde sal jy net jouself in die saak verneuk.
Jesus nooi jou uit om jou sonde by Hom te bely,
Om vergifnis en ware vrede in ruil daarvoor te kry.
Gaan lees die raad wat Spreuke 28:13 gee

'n Suikerboontjie is nie 'n gesonde boontjie nie:

Wees versigtig om jou sonde met 'n leuen weg te steek, op die einde sal jy net jouself in die saak verneuk.
Jesus nooi jou uit om jou sonde by Hom te bely,
Om vergifnis en ware vrede in ruil daarvoor te kry.
Gaan lees die raad wat Spreuke 28:13 gee

'n Suikerboontjie is nie 'n gesonde boontjie nie:

Wees versigtig om jou sonde met 'n leuen weg te steek, op die einde sal jy net jouself in die saak verneuk.
Jesus nooi jou uit om jou sonde by Hom te bely,
Om vergifnis en ware vrede in ruil daarvoor te kry.
Gaan lees die raad wat Spreuke 28:13 gee

'n Suikerboontjie is nie 'n gesonde boontjie nie:

Wees versigtig om jou sonde met 'n leuen weg te steek, op die einde sal jy net jouself in die saak verneuk.
Jesus nooi jou uit om jou sonde by Hom te bely,
Om vergifnis en ware vrede in ruil daarvoor te kry.
Gaan lees die raad wat Spreuke 28:13 gee

'n Suikerboontjie is nie 'n gesonde boontjie nie:

Wees versigtig om jou sonde met 'n leuen weg te steek, op die einde sal jy net jouself in die saak verneuk.
Jesus nooi jou uit om jou sonde by Hom te bely,
Om vergifnis en ware vrede in ruil daarvoor te kry.
Gaan lees die raad wat Spreuke 28:13 gee

'n Suikerboontjie is nie 'n gesonde boontjie nie:

Wees versigtig om jou sonde met 'n leuen weg te steek, op die einde sal jy net jouself in die saak verneuk.
Jesus nooi jou uit om jou sonde by Hom te bely,
Om vergifnis en ware vrede in ruil daarvoor te kry.
Gaan lees die raad wat Spreuke 28:13 gee

'n Suikerboontjie is nie 'n gesonde boontjie nie:

Wees versigtig om jou sonde met 'n leuen weg te steek, op die einde sal jy net jouself in die saak verneuk.
Jesus nooi jou uit om jou sonde by Hom te bely,
Om vergifnis en ware vrede in ruil daarvoor te kry.
Gaan lees die raad wat Spreuke 28:13 gee

'n Suikerboontjie is nie 'n gesonde boontjie nie:

Wees versigtig om jou sonde met 'n leuen weg te steek, op die einde sal jy net jouself in die saak verneuk.
Jesus nooi jou uit om jou sonde by Hom te bely,
Om vergifnis en ware vrede in ruil daarvoor te kry.
Gaan lees die raad wat Spreuke 28:13 gee